

J. M. ENDRES,
Vroeë Dokter en Handelaar van Simonstad

deur

PROF. C. F. J. MULLER

JOHANN MICHAEL ENDRES, van „Rijgenhijm” (Reigenheim of Regenheim?) in Duitsland, het voor 1795 aan die Kaap aangekom, vermoedelik in diens van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie. In die lys van Kompanjies-beamptes kort na die oorgawe van die Kaap, op 18 September 1795 opgetrek, word Endres as ’n onderhorige („ondermeester”) van die Resident in Valsbaai, Christoffel Brand, aangeteken.⁽¹⁾ Die presiese aard van sy pligte is nie duidelik nie. Met ’n mate van sekerheid kan hy egter as assistent-hawemeester wat met spesiale mediese verantwoordelikhede belas was, beskryf word.

J. M. Endres is feitlik ’n onbekende persoon. Met twee uitsonderings, word hy nie vermeld in standaardreferensiewerke of in die mees breedopgesette geskiedenis of bronnepublikasies nie.⁽²⁾ Enkele genealogiese gegewens kan in dr. J. Hoge se *Personalia of the Germans at the Cape (1652 — 1806)* en in dr. D. F. du T. Malherbe se *Driehonderd Jaar Nasiebou: Stamouers van die Afrikanervolk* gevind word.⁽³⁾

Endres was getroud met Christina Hendrina (gebore Russouw), die weduwee van Jeremias Auret. Volgens De Villiers se *Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familiën* was J. Auret wat in 1751 gedoop is, ’n burger in Kaapstad. Christina H. Russouw was sowat ’n jaar jonger as haar eerste man. In September 1774 is hulle getroud. Hulle oudste seun, Jeremias, is in Junie 1775 gedoop en die jongste van hulle sewe kinders, Hendrik Pieter, is in Oktober 1788 gedoop.⁽⁴⁾ Wanneer Jeremias Auret oorlede is en wanneer J. M. Endres met die weduwee getrou het, kon ons nie vasstel nie.

(1) B.O.71: Company's Servants in 1795, p. 103 (Kaapse Staatsargief: K.A.).

(2) Endres is onvermeld in C. C. de Villiers se *Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familiën*, 3 dele, Kaapstad 1893 — 1894; J. Hoge se *Bydraes tot die Genealogie van ou Afrikaanse Families: Verbeterings en Aanvullings op die Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familiën van C. C. de Villiers*, Amsterdam 1958; G. M. Theal se *Records of the Cape Colony*, I tot X, Londen 1897 — 1902 en Theal se groot *History of South Africa: The Keith Papers selected from the Letters and Papers of Admiral Viscount Keith* (uitgegee deur W. G. Perrin), I, Publications of the Navy Records Society, LXII, plek onvermeld, 1927 (gedruk as die band vir 1926); E. H. Burrows, *A History of Medicine in South Africa up to the end of the Nineteenth Century*, Kaapstad, ens. 1958.

• Ook in die ongepubliseerde Keith Papers wat in die National Maritime Museum te Greenwich berus, is nie inligting oor Endres teruggevind nie.

(3) In die *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 9de jaargang, 1946, en *Stellenbosch 1959*, respektiewelik. Hoge kon nie vasstel uit welke plek in Duitsland Endres gekom het nie.

In sy *Catalogue of Documents from 16th September to 21st February 1803 in the Collection of the Colonial Archives at Cape Town*, Kaapstad 1880, meld Theal slegs eenkeer vir Endres as dokter, maar laat sy voorletters weg (p. 51). E. Moritz gee vir J. M. Endres aan as lid van die Klub Concordia in 1797 (*Die Deutschen am Kap unter der holländischen Herrschaft 1652 — 1806*, Weimar 1938, pp. 277-278).

(4) Op. cit., I, A tot J, P. 19 en III, P tot Z, p. 205.

Kort na die oorgawe van die Kaap in 1795 tref ons vir Endres in Simonstad aan, reeds getroud met Christina Hendrina, die weduwee Auret. Ten einde aan sy vier jongste stiefseuns Abraham (ongeveer vyftien jaar), Petrus (ongeveer twaalf), Frederik (ongeveer tien) en Hendrik Pieter (ongeveer sewe) in die afgeleë Simonstad onderwys te verskaf, huur hy 'n privaatskoolmeester, Louis Reynders. Laasgenoemde was 'n oud-Kompanjiesdienaar wat tevore reeds in sy spaartyd aan die Kaap privaatonderwys gegee het. Endres het vir Reynders ag riksdaalders per maand betaal, met (soos Reynders dit self gestel het) „Vrye Kost, inwoning, Wasschen, Naayen . . . ” en die vergunning om „de Kinderen die ik in de Baay Van Andere Liederen konde krygen aan Zyn E. Huys te mogen onderwyzen”.⁽⁵⁾ Op 30 Mei 1796 het Reynders 'n neef van Arend Munnik, by name Martinus Johannes Smuts, bygeneem. Teen 6 Oktober 1796 het Reynders reeds uit diens van Endres getree en huisonderwyser by Alexander van Breda geword.⁽⁶⁾

Simonsbaai het 'n halfeeu tevore as die winterhawe van die Kaapse Skiereiland van belang geword. Vanaf helfte Mei tot helfte Augustus, wanneer stormwinde uit die noordweste gewoonlik gewoed het, het skepe daar 'n toevlugoord gevind. Omdat die vervoer van skeepsbenodigdhede oorland oor swak paaie slegs met groot moeite en onkoste kon geskied, is in 1743 'n aantal soldate van die Kompanjie daar geplaas onder bevel van 'n poshouer. Benewens woongeriewe, is 'n hospitaal en magasyn tegelykertyd daar opgerig. Algaande het 'n dorpie ontstaan, bewoon deur mense wat 'n bestaan uit die besoekende skepe en uit die visvangs gemaak het. Sommige inwoners het slegs gedurende die winterseisoen daar gebly.

In die vroeë jare sestig is 'n ruimer hospitaal voltooi, vervolgens groter store en teen 1768 ook 'n seehoof uit klip gebou. Daarna is 'n slagtershuis, 'n bakkerij, werksinkels vir smede en skrynwerkers en 'n woonhuis vir die poshouer opgerig. Die ou geboue is nou gebruik as woonkwartiere vir die garnisoen en werksmense. Nadat Adriaan de Nys van 1751 tot 1761 poshouer was, is hy oorlede en daar begrawe.⁽⁷⁾

J. F. Kirsten het hom opgevolg en het die titel van Resident ontvang. Kirsten en sy groot gesin het gewoonlik slegs die winterseisoen daar vertoef en dan na hulle landgoed *Alphen*, 'n paar myl van *Constantia* verhuis. Daar was geleentheid om verskeie vreemde tale aan te leer, 'n winsgewende privaat-handel te dryf en verdere, uitgestrekte eiendomme in die suidelike Kaapse Skiereiland te verwerf. Sy verskillende bedrywighede het mekaar aangevul en gevoed. In sy woning het hy vermoënde besoekers voordelig gehuisves en vanaf sy plase kon hy hulle van vleis, graan, groente en wyn voorsien. Toe J. F. Kirsten in 1774 sy poshoerskap aan Christoffel Brand oorhandig, was hy 'n betreklik vermoënde man.⁽⁸⁾

(5) J. Hoge, *Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die 17de en 18de eeu*, 2de deel, in *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, jrg. XV, B, 2 (Junie 1937), p. 18. Sien ook De Villiers, *op. cit.*, I, A tot J, p. 19.

(6) *Ibid.*

(7) Theal, *History of South Africa before 1795*, III, Londen 1922, pp. 62-63 en 116. 'n Foto van De Nys se graf verskyn in *Suid-Afrikaanse Panorama*, deel 5, no. 5, Mei 1960, p. 15.

(8) C. F. J. Muller, *Johannes Frederik Kirsten oor die Toestand van die Kaapkolonie in 1795: 'n Kritiese Studie*, Hiddingh-Currie-Publikasie van die Universiteit van Suid-Afrika, no. 4, Pretoria 1960, hoofstuk I.

C. Brand het langer as enige ander poshouer die bevel in Simonstad gevoer. Teen die einde van die bestuur van die Kompanjie is hy deur sy seun Johannes Henricus (grootvader van president J. H. Brand) in sy amptelike pligte bygestaan. Soos Kirsten het hy sy geleenthede benut om 'n uitgebreide en winsgewende privaathandel in Simonstad te voer. Dit was onder sy toesig dat dr. J. M. Endres moontlik as assistent-hawemeester, met spesiale mediese pligte, opgetree het. Terwyl Christoffel Brand se seun Johannes Henricus (wat skynbaar oor regs-kennis beskik het) waarskynlik fiskale pligte behartig het, moes Endres vermoedelik o.a. waak teen die inbring van aansteeklike siektes in die suidelike Skiereiland deur besoekers op skepe.⁽⁹⁾

Teen 1795 het Simonsbaai verder in betekenis toegeneem. Dit was deur dié hawe waarlangs die eerste geslaagde aanval op die Kaap gemaak is en daar sou nou 'n belangrike Britse vlootbasis ingerig word. Die Britse owerhede het in 1795 daar 'n hele kompleks van magasyn, werkswinkels, stalle, woonhuise, 'n slagterswinkel, 'n hospitaal en dokterskwartiere aangetref.⁽¹⁰⁾

J. M. Endres het verkies om dié strategiese hawestadjie nie vir 'n ander woonplek te verruil nie. Soos ook minstens vier ander families, het Endres dit sy besigheid gemaak om aan skeepspassasiers in sy gashuis volle losies te verskaf. Verder het hy skepe van verskillende benodigdhede voorsien, veral van provisie vir hul lang seereise. Van laasgenoemde was Kaapse wyn besonder gewild en dus veral winsgewend. Of hierdie inwoners van Simonstad in volwaardige koopmans ontplooi het, is twyfelagtig: Endres en sy mede-Simonstaders was egter meer as kleinhandelaars. Hulle het skeepsprovisie in die Skiereiland opgekoop, te Simonstad en elders opgeberg en deur hulle handelshuise tydens die winterseisoen dié voorrade aan die skeepskapteins en superkargas van die hand gesit. Omdat die handelsbloei tot die wintermaande beperk was, was hulle omset nie naasteby so groot as wat die veel kapitaal-kragtiger koopmans van Kaapstad in Tafelbaai geniet het nie.⁽¹¹⁾ Die paaie na Simonstad was lank en gedeeltelik klipperig, gedeeltelik sanderig. Gevolglik kan 'n mens goed begryp dat Endres dit nodig geag het om 'n kusvaarder, die *Louisa*, van 45 ton, aan te skaf.⁽¹²⁾ Ofskoon die Kaapse kuswaters berug was vir hul sterk winde en min veilige hawens, kon Endres met gunstige weers-omstandighede sy voorrade ook oorsee na Simonstad vervoer.

Hierdie groepie gesinne was baie geïsoleerd, maar het dit nie geduld dat ander persone hulle daar vestig nie. Egbertus Bergh skryf dat die eenaars van die vyf of ses burgerhuise „allen handel met de aankomende scheepen gemonopoliseerd hebbende, met hals en macht een iegelijk afweerden die zich verder alhier wilde nederzetten om mede deel te nemen aan dien neering, terwijl zij

(9) B.O. 71: Company's Servants in 1795, p. 103 (K.A.); Theal, *Records of the Cape Colony*, II, pp. 144-147; G. D. Scholtz, *President Johannes Henricus Brand*, Johannesburg 1957, p. 12.

(10) B.O. 30: Letters from various individuals, 1795 — 1801, pp. 59-60 (K.A.).

(11) B.O. 34: Miscellaneous Documents (Memorials), 1795 — 1803, III, pp. 133-136, 193-196 en 213-216 (K.A.). Sien ook H. L. G. Swart, *Die Ontwikkeling van Handel aan die Kaap tussen die jare 1795 en 1806*, ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Kaapstad, jaar onvermeld, p. 90.

(12) B.O. 33: Misc. Docs. (Memorials), 1795 — 1803, II, pp. 281-282 en 284 (K.A.).

intussen de schepelingen op eene onbarmhartige wijze smeden, door hun logies en levensmiddelen tegens ongehoorde prijzen te doen betalen.”⁽¹³⁾ In vergelyking met Tafelbaai was die winste oor die algemeen beperk: vandaar die strewe om ’n ruïnerende kompetisie uit te skakel en die neiging om buitensporige pryse te vra.

Twee vername gesinne was dié van J. P. Kirsten en J. A. Kirsten, seuns van die ou Resident J. F. Kirsten van Simonsbaai. Na laasgenoemde se dood in 1783 het hulle skynbaar grond van hulle vader in die suidelike Skiereiland geërf.⁽¹⁴⁾

Die oudste seun, Johannes Pieter Kirsten, het ’n groot gesin van ongeveer veertien kinders gehad.⁽¹⁵⁾ In 1784 het hy ’n Patriotse propositie onderteken.⁽¹⁶⁾ Teen 1801 was hy eienaar van die *Maria Elizabeth*, ’n kusvaarder van 35 ton.⁽¹⁷⁾ Later, in 1820, sou hy insolvent sterf.⁽¹⁸⁾

Jacobus Arnoldus Kirsten weer, het tot 1795 ’n bedrywige handel met Noord-Amerika gevoer. Daarheen het hy Kaapse produkte uitgevoer en in ruil artikels verkry wat vir die Kaapse landbou benodig was, soos perde, yster en smekole (laasgenoemde twee o.a. vir die vervaardiging van ploë).⁽¹⁹⁾ Die beoefening van die walvisvangs het hom ook geïnteresseer.⁽²⁰⁾ Voor 1795 het hy ’n Noord-Amerikaanse skip uit Boston gekoop om met Europa handel te dryf. Die uitbreek van die Europese oorlog het egter sy planne in die wiele gery.⁽²¹⁾ Die moeilike tye het sy ondernemings so benadeel dat sy insolvente boedel in 1804 deur die kantoor van die Meester beredder moes word.⁽²²⁾

Daar was nog twee kusvaarders, die *Johanna Aletta* en die *Henrietta*, aan die Kaap waarvan die kaptein en eienaar ’n Kirsten was.⁽²³⁾ Dit is egter onseker of dit J. P. of J. A. Kirsten was, of desnoods nog ’n ander Kirsten.

Endres en die twee Kirsten-broers was lede van ’n klein groepie Hollands-sprekende eienaars van kusvaarders gedurende die Eerste Britse Bewind. As ander skeepseienaars kan ons noem o.a. Constant van Nuldt Onkruydt, Pieter van Breda, Dirk Henry Dietz, Daniël Truter en Frieslich en Kie.⁽²⁴⁾

Ander inwoners van Simonstad was G. Russouw en J. W. Hurter. Eersgenoemde was na alle waarskynlikheid ’n familielid van Endres se vrou. Die presiese verwantskap kan egter nie vasgestel word nie.⁽²⁵⁾ Hurter se

(13) Theal, *Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika*, III, Londen 1911, pp. 34-35.
 (14) M.O.O.C. 8/18: Inventarissen, 1781 — 1785, no. 52, J. F. Kirsten en vrou; M.O.O.C. 14/58: Bylae by Boedelrekeninge, 1783, vol. 12, no. 25, J. F. Kirsten (albei K.A.).
 (15) De Villiers, *op. cit.*, II, p. 119.
 (16) C. Beyers, *Die Kaapse Patriotte*, pp. 217-219.
 (17) B.O. 33: Misc. Docs. (Memorials), 1795 — 1803, II, p. 272 (K.A.).
 (18) M.O.O.C. 8/46: Inventarissen, nos. 60 en 61, 1832; M.O.O.C. 6/2: Doodregister 1797 — 1821 (albei K.A.).
 (19) Kol. Arch. 4335: Brieven en Papieren van de Caab Overgekomen, IIIde deel, 1793, f. 3349-3351, Resolutiën, Raad van Politie, 18 Desember 1792 (Ryksargief, Den Haag).
 (20) C. 204: Bijlagen, 1792, pp. 20-21 (K.A.).
 (21) B.O. 33: Misc. Docs. (Memorials), 1795 — 1803, II, J. A. Kirsten aan Britse bevelvoerders aan die Kaap, 1 Oktober 1795, pp. 509-510 (K.A.).
 (22) M.O., I.C. 2/7: Insolvente Boedels, 1804, no. 61, Jacobus Arnoldus Kirsten (K.A.).
 (23) *African Court Calendar for 1801* . . . saamgestel deur H. H. Smith, Kaapstad 1801, List of Coasting Vessels at the Cape of Good Hope, bladsye ongenommer.
 (24) B.O. 33: Misc. Docs. (Memorials) 1795 — 1803, II, pp. 270-284, 633-636 en 693-700 (K.A.). S. D. Neumarck onderskat die omvang en betekenis van die Kaapse kusvaart voor 1812. Vgl. *Economic Influences on the South African Frontier 1652 — 1836*, Stanford, California 1957, pp. 61, 137-140 en 182.
 (25) De Villiers, *op. cit.*, III, P tot Z, pp. 206-207.

besigheid het teen Junie 1800 so uitgebrei dat hy die oprigting van 'n pakhuis op sy grond in Simonstad beplan het.⁽²⁶⁾

Twee jaar na die Britse besetting van die Kaap kla J. M. Endres, tesame met ander inwoners van Simonstad, oor die versperring wat die wagpos te Muysenberg vir hulle waens uitgemaak het. Dit sou hulle belemmer in hul poging om besoekende skepe van voldoende voorrade te voorsien. Die Britse owerhede het egter geen verligting toegestaan nie.⁽²⁷⁾

Sewe maande later, in Januarie 1798, wys Endres, J. W. Hurter en J. P. Kirsten die Britse owerheid daarop dat hulle 'n aansienlike hoeveelheid „Provisions, especially of wine”, nodig kry om aan skepe te voorsien en in verband met die verskaffing van losiesbenodigdhede aan skeepspassasiers. Hulle pakhuis in Simonstad is nie ruim genoeg om voldoende voorrade daar op te gaar nie. Derhalwe is hulle verplig om voorrade te Rondebosch of te Wynberg op te berg. Weens gebrek aan trekosse vind hulle dit moeilik om hierdie voorrade na Simonstad te vervoer. Hulle vra nou die vergunning om wyn sonder die gewone restriksies van die platteland na Simonstad te mag transporteer. Weer word hulle versoek nie toegestaan nie, waarskynlik om smokkelhandel in wyn te verhoed.⁽²⁸⁾

In April van dieselfde jaar skryf J. P. Kirsten aan goewerneur graaf Macartney en vra dat 'n ander dokter daar aangestel moet word om as gesondheidsinspekteur op besoekende skepe te dien. Ten einde smokkelhandel te voorkom, mag niemand aan boord pasgearriveerde skepe gaan voordat die hawemeester se skuit met dr. Endres nie eers inspeksie gedoen het nie. Die gevolg is nou dat Endres, uit hoofde van sy mediese amp, bevoorreg is om eerste aan boord van alle skepe te stap. Hy word dus die geleentheid vergun „to secure the Captains for his House” en dus kry hy die kontrakte om al hulle skeepsbenodigdhede te lewer. Ten einde in die toekoms te verhoed dat dr. Endres bo alle inwoners van die hawestadjie begunstig word, versoek Kirsten dat „a surgeon of the Navy, Army or Hospital may be appointed for this purpose”. Geen kommentaar van die owerhede is hierop gelewer nie⁽²⁹⁾ sodat dit waarskynlik is dat dr. Endres minstens nog 'n rukkie addisionele handelswinste uit sy bevoorregte posisie as mediese beampte gehaal het.

Dr. Johann Michael Endres het gewoon in 'n klein gemeenskap met heelwat jaloesie en onsekere — hoewel somtyds buitensporige — handelswinste. Sy sake het later versleg en, net soos sy mede-stadgenote, die broers J. A. en J. P. Kirsten, het die Meester ook sy insolvente boedel beredder. Dit was in 1812.⁽³⁰⁾ Daarna het hy homself blykbaar reggeruk, maar toe hy in 1820 of 1821 oorlede is, was hy weer insolvent.⁽³¹⁾

(26) B.O. 33: Misc. Docs. (Memorials) 1795 — 1803, II, J. Vos aan goewerneur sir G. Yonge, Kaapstad 12 Junie 1800, pp. 685 vlg. (K.A.).

(27) B.O. 34: Misc. Docs. (Memorials), 1795 — 1803, III, memorie deur J. M. Endres en ander persone aan die Britse owerheid, 12 Junie 1797, pp. 133-136 (K.A.).

(28) *Ibid.*, memorie deur J. M. Endres en ander persone aan die Britse owerheid, 18 Januarie 1798, pp. 193-196 (K.A.).

(29) *Ibid.*, J. P. Kirsten aan goewerneur graaf Macartney, 28 April 1798, pp. 213-216 (K.A.).

(30) M.O.O.C. 2/36: Insolvente Boedels, 1812, no. 300, J. M. Endres (K.A.).

(31) M.O.O.C. 2/169: Insolvente Boedels, 1827, no. 988, J. M. Endres (K.A.).

Die inligting uit Endres se twee insolvente boedels is deur mnr. J. H. Esterhuysse, Senior Argivaris van die Kaapse Staatsargief, in 'n brief gedateer 6 Mei 1960 goedgegunstiglik verskaf.

Dr. Endres het nie 'n belangrike rol in ons geskiedenis gespeel nie. As 'n feitlik onbekende vroeë persoon wat sy mediese praktyk met sy handelsbedrywighede verbind het, en in die klein, maar belangrike, hawestadje Simonstad gewoon het, pas dit ons nietemin om van sy bestaan kennis te neem.

Die Suid-Afrikaanse geskiedenis moet opgebou word uit die lewes van sy historiese figure. Eers wanneer hul bedrywighede reg begryp word, kan ons 'n meer bevredigende totaal-beeld saamstel. By uitstek geld dit die ekonomiese strominge in ons geskiedenis waar ons kennis van die ondernemers of entrepreneurs nog uiters gebrekkig is.

Endres het in 'n moeilike oorgangstyd gelewe, toe baie hoë eise gestel is aan die vermoë om aan te pas by snel veranderende omstandighede en onstabiele toestande. Daar was dikwels geen plek vir die ware spesialis nie: hoe meer beroepe 'n persoon kon beoefen, hoe beter was sy kans om 'n behoorlike bestaan te maak. Dat daar in hierdie jare 'n premie op veelsydigheid was, word deur Endres se loopbaan geïllustreer.

Die Britse merkantilisme wat die Monopoliestelsel van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie vervang het, het nie wesenlik daarvan verskil nie. Handel met vreemdes is aan bande gelê. Die bekamping van smokkelhandel is as beleidsfaktor deur die Britse owerhede oorgeneem. Persone wat kontakte by goedgesinde hoë amptenare gehad het en diegene wat hulle in meer as een rigting bekwaam het, het 'n besliste voorsprong bo hulle medeburgers geniet. Onder die beskermende dekmantel van die Britse merkantilisme was hulle in staat om groter winste te behaal.

Endres was 'n ontwikkelde Duitser wat aan die Kaap, sy nuwe vaderland, verhollands het, in 'n Afrikaanse familie ingetrou het en hulle versorg het. Hy was aanpasbaar, maar het nietemin twee keer bankrot gegaan. Alhoewel hy betreklik geïsoleerd in die Kaapse Skiereiland verkeer het, was hy tog in die winter in gereëde kontak met die wyere buitewêreld. Endres het bes moontlik 'n hele paar tale in kosmopolitiese Simonstad aangeleer, of sy kennis van sekere tale verder verbeter.

Sowat tien jaar na dr. Endres se dood tref ons in die Kaapse Skiereiland 'n jong George Pieter Kuiper Endres aan wat as tolk aan boord die Amerikaanse oorlogsfregat *Potomac* geneem word omdat hy vloeiend Maleis kon praat. Kommodoor Downes wat op pad was om Maleiers te Quallah-Battoo in Sumatra te gaan straf, het in Desember 1831 die seun op 'n wêreldreis meegeneem.⁽³²⁾ George Endres was waarskynlik 'n seun of kleinseun van dr. J. M. Endres. Dit skyn waarskynlik dat hy sy Maleis in die Kaapse Skiereiland van Maleiers geleer het, moontlik nog in Simonstad.

(32) C.O. 6067: Register of Permissions to leave the Colony, 1806 — 1844, 12 Desember 1831 (K.A.); F. Warriner. *Cruise of the United States Frigate Potomac round the world, during the years 1831 — '34, embracing the attack on Quallah-Battoo, . . .* New York 1835. pp. 111-112.